WEEK 2 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE - 3 MAART 2017: Die land wat hierdie jaar betrokke is by die tema, is die Fillippyne - hulle het ***My genade is vir almal*** (*Am I being unfair to you*?), as tema gekies, met Matt 20: 1-16 as teks. Vir meer inligting, klik **hier** en om bestellings vir die brosjure te plaas, klik **hier**. **NB! Vroue van Bloemfontein se gemeentes neem asseblief kennis:** Karin Kersop van die NG Gemeente Pellissier se vrouebediening, het versoek dat **plaaslike gemeentes haar asseblief moet kontak om moontlik 'n gesamentlike byeenkoms in Bloemfontein te reël.** Skakel haar gerus op 072 158 0225, of stuur 'n e-pos aan karinkersop@gmail.com

ADVERTENSIE - NG BAINSVLEI: Hulle het **Modkatsboeke en DVD's vir Gr 1-3, Gr 4-6 en graad, 7, 8 en 9 beskikbaar**, indien 'n ander gemeente daarin sou belangstel om dit vir hulle kategese te gebruik. Kontak asseblief vir Rion Pretorius op 071 350 7548.

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

LOFPRYSING VAN GENADE: Die bekende sangers van Bloemfontein, Deon, Alex en Ella, bring op **29 Januarie 2017** hulle lofprysing na die volgende gemeentes:

NG NOORDHOEK: Om **09:30** tydens die oggend-erediens.
NG GARDENIAPARK: Om **18:00** tydens die aanddiens - toegang is gratis, maar 'n sagte kollekte sal opgeneem word.

NG ESTOIRE:

ANDER GEBEURE:

Engo Child & Youth Care • Kinder- & Jeugsorg — Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum

bied op **Saterdag 28 Januarie 2017 'n gholfdag** ten bate van *Ons Kinderhuis* aan. Daar is 18 putjies beskikbaar en 'n putjie kan teen 'n R1000 geborg word. Geleenthede vir reklame tydens die gholfdag is ook moontlik. Daar is 74 reklamepunte op die veld teen slegs R500 per punt. Putjies 1; 6; 8; 10; 14 en 17 kan teen 'n spesiale tarief van slegs R5 000 per putjie bespreek word. Vir besprekings, of meer inligting, kontak vir Frikkie van Dyk (Prinsipaal, Ons Kinderhuis), by 051 444 6914/55.

LiG-LESERSDAG IN BLOEMFONTEIN: *LiG,* in samewerking met die NG Gemeentes Heuwelsig en Woodlands Gemeenskapskerk, bied hierdie geleentheid aan op **Saterdag 4 Maart 2017 te *Emoya Estate***. Die bekende Franja du Plessis (dogter van Juanita du Plessis) gaan optree en die nimlike tannie Poppie van Koekedoor-faam, asook dr Ronell Bezuidenhout (bekende skrywer en predikant), asook Elize Bosch, is die sprekers by dié vroue-oggend. Sien advertensiebiljet op bl 2 met al die besonderhede.

Let asb daarop dat Adam Barnard nie meer gaan optree nie. Franja du Plessis kom in sy plek.

Elize Bosch, bekende LiG-skrywer tree ook by die geleentheid op.

Bespreek by Karin Rautenbach tydens k/u: karin@dalajunction.co.za of 021 949 7419 / 083 293 2848

KURSUSSE / KONFERENSIE / WERKSWINKEL:

KURSUS OOR DISSIPELSKAP: "Leef in Kontak met God. Herontdek die vreugde van gemeenskap met God. Leef om God se hart en stem te hoor, God se wil te ontdek vir jou lewe en baie meer." **Dr Francois Carr** gaan die naweek van **17 tot 19 Februarie 2017** hierdie kursus by die **NG Gemeente Hoopstad** aanbied - koste is R200pp. Indien jy belangstel om dit by te woon, kontak vir Zibby op 053 444 1058, of vir Meryl op 082 824 1318.

BEGINNERSKLASSE IN SESOTHO: Die **NG Gemeente Langenhovenpark** bied wéér hierdie gewilde **kursus in Sesotho** aan. Dié kursus strek oor 26 weke en die totale koste beloop R2 000pp. Die kursus **begin DV Donderdag 23 Februarie 2017 om 18:30** en vind in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark plaas (in die Kleinkerk). **Registreer asseblief vóór of op Woensdag 15 Februarie om 10:00** - telefonies by 051 446 2225 (k), of per e-pos by ngklhp@mweb.co.za. 'n Volledige inligtingsblad is ook by die kantoor beskikbaar. 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op Maandag 20 Februarie om 10:00. **Daar is plek vir net 25 studente**. Vir verdere navrae skakel die kantoor by genoemde nommer, of vir Riaan Stander op 051 446 1131, of 082 665 8478.

KLEINGROEPKONFERENSIE 2017: Steve Gladen van *Saddleback Church* (dieselfde kerk as Rick Warren), kom hierdie jaar na Suid-Afrika om die konferensie, *Small groups with purpose,* aan te bied. Alle leiers van selgroepe/kleingroepe/omgeegroepe word uitgenooi om dit by te woon. Belangstellendes kan vir ds Rikus Hattingh kontak by 084 620 6000, of stuur 'n e-pos aan rikus@ngkerkpellissier.co.za

InnerZoneCare-SENTRUM WERKSWINKELS: Was 2016 jou slegste jaar nog? Hier is 'n geleentheid om 2017 jou jaar van groei en betekenis te maak! Hierdie sentrum bied kwartaalliks 'n ses-weke ***Mindfulness / Volbewus-wees***-reeks aan – klik hier vir die program en hier vir meer inligting. Die waarde van volbewus-wees word toenemend internasionaal raakgesien en aangewend deur geestesgesondheidsklinieke, skole, asook maatskappye soos Google. Volgens wetenskaplike navorsing (Sweet, C. The Mindfulness Journal. 2014), help gereelde volbewus-wees individue om:

* stres te verminder en uitbranding te voorkom

* angs te verminder
* depressie te verminder
* chroniese pyn te verminder
* konsentrasie, geheue en fisieke stamina te verbeter
* om meer in die hier-en-nou te wees en oomblikke met al my sintuie te ervaar
* om my menseverhoudings te verbeter en meer deernis met mense te hê
* om my fokus en prestasie te verbeter
* om my immuniteit te verbeter